

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 75

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DIE STERWENDE JESUS

Goeie Vrydag...

Die Christendom dwarsdeur die wêreld noem hierdie dag die sterfdag van Jesus. Ons stuur egter nie op hierdie dag swart-omboorde in-memoriam-kaartjies uit nie. Ons eer ook nie sy nagedagtenis as die Swakke wat so swaar gesterwe het nie.

Die woord van die Kruis is 'n kragwoord. Hier ly die mens die nederlaag, want die kruis is die groot getuienis dat die mens homself nie kan red nie. Hier brand God se geregtigheid en Jesus lê in die vlamme van die vergeldingstraf vir die sonde van die hele wêreld. Hier is die wettige kwitansie wat God uitskrywe as bewys van die afbetaling van die skuld.

Die Kruis is oorwinning oor sonde, dood en duiwel. Die Kruis is uitnodiging vir sondaars en skuldenaars. Die Kruis is die brug oor die donker kloof: Hier nader die mens weer tot die troon van die Vader en die Vader nader weer die mens in sy verlorenheid.

God se hart breek hier oop in die liefde van sy erbarme. God se boog word hier gespan teen almal wat in Hom nie glo nie. Die Kruis is die begin van die Vrederyk vir die gelowiges en die aanvang van die Oorlog teen die ongelowiges. Dit is die enigste Deur wat na die lewe lei.

Weet u wat sy laaste woorde was?

- "Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie".
— Aangrypende liefde.
- "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die paradys wees".
— Verlossende krag.
- "Vrou daar is u seun — daar is jou moeder".
— Tere sorg.
- "My God, my God, waarom het U My verlaat?"
— Skrikwekkende eensaamheid.
- "Ek het dors".
— Pynlike vernedering.
- "Dit is volbring".
— Onherroeplike finaliteit.
- "Vader, in u hande gee Ek my gees oor".
— Oorwinnende oorgawe.

Ons wil die bede van die digter op elke leser se lippe lê:

"laat bokant die bleek bane van bed en tafel die eenvoudige starheid van u kruis in my klein kamer by die kerslig staan."

W. J. de KLERK.

Daar is tog ook baie Christene **BUI**TE die kerk

Ek weet jy loop al lankal met hierdie stelling in jou hart. Miskien reeds al vanaf die tyd dat jy nie meer so gereeld in die kerk gekom het nie, of toe jy ernstig deur die dominee of ouderling vermaan is. Gaandeweg het dit vir jou duidelik geword dat daar tog baie goeie en ordentlike mense is wat nooit kerk toe gaan nie en jy het jou onder hulle geledere gaan skaar. Dit mag wees dat jy nog nie die kerk bedank het nie, maar nou-ja miskien kom dit ook nog wel.

Gewoonlik gaan hierdie stelling gepaard met die gedagte dat die ouens wat tog kerk toe gaan dit eintlik doen om deur ander gesien te word en dat daar tog maar baie huigelaars in die kerk sit. Ek dink dit is tog nodig dat ons met mekaar oor jou gedagtes gesels. Ek moet sê dat jy nie die eerste een is wat ek so hoor praat nie en ek moet daar byvoeg dat daar heelwat mense is wat hulself glo as hulle so praat.

As ons nou eerlik wil wees, moet ons tog hierdie stelling 'n bietjie ondersoek. Ek hoop jy het die moed om dit saam met my te doen.

Wat is 'n Christen?

Die eerste vraag waaroor ons meer duidelikheid moet kry, is wat 'n Christen is en nou moet ons nie begin om te sê: 'n Christen is 'n mens wat kerk toe gaan nie. Ons moet begin met die primêre gedagte: 'n Christen is 'n mens wat in Christus glo.

Dit is immers die eintlike van 'n Christen naamlik dat hy deur die band van die geloof aan God verbind is; dat hy nie alleen weet dat God bestaan nie, maar dat hy ook weet dat God sy Vader in Christus is en dat Christus Homself aan die kruis laat spyker het om elkeen wat in Hom glo, van die toorn van God te bevry.

Die Bybel sê aan ons dat 'n Christen 'n nuwe mens is (II Kor. 5:17). Dit wil sê hy dink anders en doen anders as die mens wat nie in God glo nie. Sy lewe is op God gerig en nie net op homself nie. Ons sou kon sê: die Christen leef teosentries en nie egosentries nie. Hy is soos 'n sonneblom wat die koesterende strale van die son opvang en dit weerkaats in die oopvouende blomkelk. Hy is soos die loot aan die wingerdstok (Joh. 15) wat vrugte dra en wat nie kan bestaan as dit van die wingerdstok afgesny word nie.

Wat is die kerk dan?

Die tweede vraag waaroor ons meer duidelikheid moet kry, is wat is die kerk? Daar heers oor die kerk ontsettend baie misverstand. Sommige dink dit is soos 'n winkel waar die lidmate klandisie is wat geregtig is op puik en flinke diens. Ander dink weer dat die kerk soos 'n trein is wat na die hemel ry en waarin die lidmate as passasiers net saamry.

Die kerk is egter die vergadering van gelowiges. Die Bybel noem die kerk die liggaam van Christus (I Kor. 12:17). Daaruit moet ons aflei: ss jy aan Christus behoort, as jy in Hom glo, dan kan dit nie anders dat jy ook 'n lid van sy liggaam (die kerk) moet wees nie.

Dink maar aan jou eie liggaam. Gestel dat jou een voet sou sê: ek dink dit sal beter wees as

ek loskom van die man se liggaam en dan staan jy môre vroeg op en merk: daar sit my voet in my skoen, maar sal dit nog jou voet wees, of sal dit maar net 'n voet wees en sal jy so maklik die môre kan opstaan en haastig die bus vat sonder jou voet?

Nou sien jy wat die gevolg van jou stelling is. Jy kan dit vervang met die volgende: 'n mens kan voete hê sonder dat hulle aan jou been vassit, of nog erger: voete sonder verbintenis met die liggaam van 'n mens, het dit baie beter. Hulle kan loop waar hulle wil! Miskien besef jy dit nou: eintlik kan 'n mens met gesonde verstand (en geloof) nooit so redeneer nie!

My vriend, kyk goed na jou voete. Hulle is kosbaar vir jou hele liggaam, maar kyk ook goed na jou geloof — die band aan Christus! Kom dan terug, terug na jou God, terug na die kerk, terug na die versterking van jou geloof deur die verkondiging van God se Woord, want daar is nie Christene buite die kerk nie! Daar is nie gelowiges sonder verbintenis met die liggaam van Christus nie.

Net soos jy nie voete het wat jy kan gebruik as hulle nie deel van jou liggaam is nie!

B. Duvenage.

My hart is nie Hoogmoedig

My hart is nie hoogmoedig, Heer!
My oog nie trots nie; ek verkeer,
Ek wandel nie in wat te groot,
te diep is vir u gunsgenoot.

Voorwaar my siel is in my stil,
weer één met God se heil'ge wil.
Net soos 'n kind, tevrede by
sy moeder, is my siel in my.

(Ps. 131)

PAASFEES...

Paasfees bring die opstanding van Jesus Christus skerp na vore. Ek sien jy glimlag skepties as ons van 'n opstanding praat. Waarom doen jy dit?

Sien jy nie in die ganse skepping die waarheid op aangrypende wyse verkondig word dat die lewe uit die dood ontkiem nie?

- Die koringkorrel moet eers in die grond sterwe voordat die aar kan ontkiem.
- Die winter moet met sy groue doodsheid eers kom voordat die lente met sy groen kan opstaan.
- Eers moet die donkerheid van die nag gebore word voordat die lonkende dag daarna kan ontwaak.

Dieselfde weg moes onse Here Jesus Christus ondergaan. Hy moes in die diepte van die dood ingaan om op die derde dag op te staan. Jy vra wat is die betekenis van die opstanding van Jesus Christus. Eerstens ons:

Regverdigmaking

Om dit vir jou te verklaar, wil ons jou in 'n geregsaal by die regbank bring waar God die Regter is wat die mens wil straf omdat hy teen God sondig. Die aangeklaagde is die sondaarmens wat onregverdig voor God geword het. Die aanklaer is die duiwel en die mens se eie gewete wat getuig dat die mens skuldig is. Die wetboek is die wet van die Here waarvan geskrywe staan: "Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie."

En die Advokaat? Dit is onse Here Jesus Christus wat aan die kruishout gesterf, maar op die derde dag opgestaan het. Hy tree nou na vore, nie om goed te praat van wat krom is nie, maar om goed te maak. Die Advokaat sê nie dat Satan lieg nie, maar Hy wys die Regter daarop dat Hy vir die aangeklaagdes gesterf het en Hy pleit dat die Vader die beskuldigdes moet vryspreek op grond van sy verdienste.

En wat doen die Regter? Sonder enige verdienste aan ons kant, uit louter genade, word die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus, aan die sondaar geskenk en toegereken, asof hy nooit enige sonde gehad of gedoen het nie.

Is die geregtigheid wat Christus vir ons verwerf het jou persoonlike eiendom? Luister wat sê Gods Woord (Joh. 6:37): "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie."

Maar die opstanding van Christus spreek ook nog van ons:

Heiligmaking

As Jesus die geregtigheid aan ons skenk, gebeur iets geweldigs in ons lewe: net soos Christus uit die graf opgestaan het, staan ons op uit die graf van die sonde. Ons word deur die krag van Christus opgewek tot 'n nuwe lewe.

Hierdie nuwe lewe is heeltemal anders as die ou, sondige lewe. Dit is van hemelse oorsprong. As ons waarlik uit die opstanding lewe, word ons nuwe mense. Ons leef uit 'n ander beginsel, ons dink anders en doen anders as voorheen. Ons kan die nuwe lewe ook beskryf as die lewe van Christus in ons. Waar die regverdigmaking 'n werk van Christus vir ons is, is die heiligmaking sy werk in ons. Sy Heilige Gees brand die sondes meer en meer weg uit ons lewe en laat die beeld van Jesus Christus meer en meer in ons toeneem.

Natuurlik beteken dit nie dat die gelowiges volmaak heilig is nie. Ek weet dat jy vandag met die vinger na baie Christene kan wys wat 'n onheilige lewe lei. Ja, terwyl ons nog op die aarde lewe, is daar 'n gedurige stryd tussen die heilige lewe in ons en die onheilige lewe van die sonde... maar die

gelowige weet: deur die geloof in Jesus Christus sal hy oorwin en daarom stry hy... totdat aanstons die dood hom wegneem en dan eers is hy volmaak heilig.

Ook vir jou het Christus gesterf om jou te bring tot 'n heilige lewenswandel tot eer van God...!

Maar daar is nog iets: die opstanding van Christus wys ook op ons:

Heerlikmaking

Daar is seker niks wat die mens vuriger begeer as die ewige lewe nie.

Ons sien dit reeds by die heidendom: hulle letterkunde is vol daarvan; hulle godsdienstige seremonies en tempels wys daarheen. Selfs die moderne ongeloof wat die opstandingsgeloof prysgegee het, glo nog in 'n soort spiritistiese voortbestaan van die mens na sy dood.

Die ewige lewe het werklikheid geword deur die opstanding van Jesus Christus. Omdat Hy opgestaan het, sal ons ook eendag opstaan en saam met Hom lewe tot in ewigheid. Ook jy sal eendag opstaan, maar as jy volhard om Jesus Christus te verwerp, sal dit 'n opstanding wees om in die verderf die helse smarte te ondergaan.

C. J. Malan.

DIE GEWIGTIGSTE VRAAG

Iemand het eenmaal vir Newton, in verband met 'n vriend wat kort gelede gesterf het, gevra: "Hoe het hy gesterf, my heer?" Newton antwoord toe: "Daar is nog 'n gewigtiger vraag. Die gewigtigste vraag is nie hoe iemand gesterf het nie, maar hoe hy geleef het".

DIE KERK IS OOK MOEDER

Lank gelede het iemand gesê: Ek sou God nie as Vader gehad het as ek die kerk nie as Moeder gehad het nie. Ek het doelbewus hierdie aanhaling eerste neergeskryf voordat ons gesprek begin.

Jou vraag was: Wat doen die kerk? My antwoord is: Die kerk is ook Moeder.

Ek sê **ook**, want daar is nog baie ander dinge wat die kerk doen. Vandag gaan ons gesprek egter net oor hierdie een aspek: die Moederbeeld van die kerk.

Jy ken die taak van 'n moeder. Met veel en groot opoffering versorg sy haar huis en haar gesin. Die moeder is die onsigbare spil om wie die hele huishouding draai. Die moederbeeld is die beeld van die liefdevolle en opofferende mens. Sy soek net die beste vir haar kinders. Sy sal vroeg opstaan en laat opbly net om haar kinders te versorg. By die bed van haar siek kind sal sy waak en hom liefdevol versorg deur die lange nagte van pyn en krisis. Die pyn en leed van haar kind is ook haar eie pyn en leed.

Vir 'n moeder het elkeen van haar kinders sy eie aard, kenmerke en gebreke. Tog sal sy daardie kind met sy gebreke nie verstoot en verag nie. Veel eerder sal sy hom in haar warme liefde koester en beskerm. Hardhandig sal sy hom voor gevaar wegruk. Liefdevol sal sy hom in haar arms dra So is die kerk... sy is ook Moeder.

Ek hou nie van soetsappige stories nie, maar wil tog hierdie ware gebeurtenis aan jou vertel. My doel is maar net om te bewys dat... die kerk ook Moeder is. Dit was 'n mistige onweersaand toe dit gebeur het. In 'n armoedige vertrek het die ontmoeting plaasgevind. Hy was daar — die man in die newel van drankbeswyming. Sy was ook daar — sy vrou — afgerem, dowwe oë waarin die lewensverwagting gestol het. Hulle was ook daar — ses vuil, vreesbevange kinders wat probeer wegskuil het in die verste hoek van die vertrek. Soos 'n trop verwilderde skape het die kinders angsbevange op mekaar gebondel. Enige oomblik kon dit weer gebeur — 'n klap of 'n vloekwoord n hulle kant toe.

Verwaarlosing en moedverlorenheid was die inwoners van daardie huis. Afstomping en armoede het mekaar daar omhels. In daardie kombuis het skeltaal en vloekwoorde ontwikkel in 'n gedugte kombinasie. In die man se oë het ek die dans van die duiwel aanskou. Iets van 'n gewonde dier het in hom opgekrui. Lig en duisternis was die wisselspel in sy donker oë. Van alles wat heilig is, het hy 'n groot grap gemaak.

Die bouvalligheid van daardie huis met sy dak van los sinkplate wat op mekaar kletter, het iets weerspieël van die bouvalligheid van hulle lewe. Dit het gelyk asof Christus uit daardie huis weggestap het... asof die duiwel permanent daar ingetrek het.

Wat daar ontbreek het, was... die erbarming van 'n Moeder.

* * *

Verskoon as ek jou verveel het met die relaas oor die omstandighede in daardie huis. Wat ek wou sê, is dat die omstandighede daar enigee sou afskrik en laat weghardloop — buiten 'n Moeder wat bewoë is oor haar kinders.

Vandag is ek in die posisie om vir jou te kan sê: in daardie huis het die liefdestem van 'n Moeder weerklink. Die snik in haar stem was die wegwysers tot die pad van lewensvernuwing. Haar geduld en aandrang het die deure ontsluit tot ware geloofrus en vreugde. Bouvalligheid het plek gemaak vir vernuwing en opbou... 'n Moeder het daar ingetrek.

Moet my nie verkeerd verstaan nie. As ek sê: die kerk is ook Moeder, dan bedoel ek nie dat die kerk die towerwoord besit om alles wat stukkend is, reg te maak nie. Die kerk is ook nie die groot "sosiale hervormer" wat met 'n soort geheime formule alle misstande uit die weg kan ruim nie.

Die Kerk is ook Moeder. In stilte verrig sy haar taak. In daardie huis het sy ook ingetrek en deur baie teleurstelling en vernedering gewerk. Daar het sy voor doodloopstrate en toe deure te staan gekom, maar sy het bly klop en roep — enkel en alleen gedring deur haar liefdesbewoënheid.

* * *

So werk sy — ons Moeder, die kerk.

- * Die kerk is die leivoer waardeur die water van die lewe vloei na hulle wat lewensmoeg geword het.
- * Die kerk is die kanaal waardeur die mededoë van Christus gelei word na leë lewens.
- * Die kerk is die Moeder wat die swaargewonde dra na Vaderarms.
- * Die kerk is die Moeder wat haar hande saamvou en bid vir haar afgedwaalde kind.

Hoor jy hoe sy na jou roep op die hoë toon van die liefde? Hoor jy die snik van bewoënheid in haar stem? Kom koester jou in haar liefde. Sy wil jou ook dra... na die uitnodigende arms van jou VADER.

Reeds in Nr 8

Moenie my LASTIG val nie

Hier het u die baie tragiese verhaal van sewe ryk dwase. Hoe anders sou die verhaal geëindig het as hierdie sewe manne gedoen het wat Jesus in Matt. 6:31-33 gesê het: "Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons dink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word".

'n Belangrike vergadering

Chicago, die wêreldstad.

In die Edgewater Beach Hotel is 'n belangrike konferensie aan die gang. Streng bevele is gegee dat die mense nie lastig geval mag word nie. Van die wêreld se mees suksesvolle finansiers was byeën. Hulle was besig met geldsake waarby baie lande betrokke was, en hulle besluite sou op die aandelemarkte te Wallstraat, te Johannesburg en in Londen 'n sterk invloed hê.

So af en toe het 'n bode in uniform in- en uitgeglim, maar dit was ook al. Almal was onder die indruk van die belangrikheid van hierdie konferensie.

Wie het die belangrike konferensie bygewoon?

Daar was Charles Schwab, die president van die grootste onafhanklike staalmaatskappy. Langs hom was Arthur Cutten, die grootste graanhandelaar. Hulle het aandagtig geluister na die woorde van Richard Whitney, die president van die New Yorkse aandelemerk.

Verdere status is aan hierdie konferensie verleen deur die teenwoordigheid van Albert Fall, 'n lid van die Kabinet van die president van die Verenigde State van Amerika. Hy het iets gefluister in die oor van Jesse Livermore, die grootste aandele-spekulant in Wallstraat.

Internasionale status is aan hierdie vergadering verleen deur die teenwoordigheid van Leon Fraser, die president van die destydse Wêreldbank, terwyl Ivar Krueger, die hoof van die grootste monopolie in die wêreld, van Skandinawië gekom het om die belangrike konferensie by te woon.

In die greep van Mammon

Hierdie mense was met groot sake besig, en 'n mens moes nie een van hulle lastig val met die minder belangrike dinge waarin die gewone mense belangstel nie. Dink maar net wat 'n opskudding dit sou veroorsaak het, indien iemand 'n evangelisasietraktaatjie aan een van hulle wou oorhandig!

Die skatte wat deur hierdie groot manne beheer is, was meer as die geld waaroor die Tesourie van die Verenigde State beskik het.

Die koerante kon nie uitgepraat raak oor die sukses wat hierdie mense behaal het nie, en hulle het hulle as 'n baie goeie voorbeeld vir die jeug gestel. Dit was nou 'n voorbeeld wat gevolg

kan word.

Waarom sou 'n mens lees van die arme Lasarus, as die verbeelding deur die magtige organisasievermoë van Ivar Krueger geprikkel kon word. Dit het seker maar moeilik gegaan om die mense nog in kulturele sake belang te laat stel, terwyl die Groot Kapitaal so die verbeelding weggevoer het. Daar was mense wat geagiteer het dat die onderwys van Geld- en Bankwese op skole aandag behoort te geniet. As gevra word waar die nodige aantal periodes vandaan gekry moes word, is geantwoord dat minder tyd bestee kon word aan Geskiedenis en veral Bybelgeskiedenis. Hierdie dinge het tog geen waarde nie, en is op hul beste maar net lastig vir mense wat 'n sukses van hul lewe wil maak.

Wat het van hulle geword?

Sewe-en-twintig jaar later het 'n jong joernalis wat wel in Geskiedenis belanggestel het, in koerantleggers van hierdie wonderlike wêreldkonferensie gelees, en het gewonder wat van die Groot Sewe geword het. Hy het ondersoek ingestel. Dit was sy bevinding:

Charles Schwab, die staalmagnaat, het die laaste vyf jaar van sy lewe van geleende geld gelewe, en het sonder 'n pennie in sy sak gesterwe.

Arthur Cutten, die graanhandelaar, het na die buiteland uitgewyk. Toe hy gesterwe het, was sy boedel bankrot.

Richard Whitney, die vroeëre president van die aandelemerk was weer op vrye voet, nadat hy 'n aantal jare in Sing Sing, die bekende gevangenis, deurgebring het.

Die vroeëre kabinetsminister, Albert Fall, is uit die tronk ontslaan, sodat hy tuis kon sterwe.

Jesse Livermore, die spekulant het selfmoord gepleeg.

Leon Fraser, die internasionale bankier, het selfmoord gepleeg.

Ivar Krueger, die vuurhoutjiekoning, het selfmoord gepleeg.

Hierdie manne het geleer hoe om geld te maak, maar nie een van hulle het geleer hoe om te lewe nie.

Het U?

A. J. v. R.

Skrifwoorde en Rigtingwysers



Maar waarom sou jy, my seun, by 'n vreemde bedwelmd raak en die boesem van 'n ontugtige omhels? Want elke mens se weë is voor die oë van die Here, en Hy weeg al sy gange. (Spr. 5:20, 21).

Want vir 'n hoer verval 'n mens tot 'n stuk brood, en 'n ander se vrou maak jag op 'n kosbare lewe. Kan iemand vuur in sy skoot dra sonder dat sy klere verbrand? (Spr. 6:26, 27).

En ek het iets uitgevind bitterder as die dood: die vrou wat strikke is, haar hart nette, haar hande boeie; hy wat goed is voor die aangesig van God, sal van haar vry raak, maar die sondaar word deur haar gevang. (Pred. 7:26).

Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. (1 Kor. 6:10).

En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam. (1 Kor. 6:13b).

En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid. (Gal. 5:20 en verder).

Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit omdat die dae boos is. (Ef. 5:15).

Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie. (1 Thess. 4 : 3—5).

So ook moet die vroue hulle versier met **behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid**, (1 Tim. 2 : 9).

Julle versiering moet nie uiterlik wees nie; haarvlegtery en die omhang van goud en aantrek van klere nie; maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees wat baie kosbaar is voor God. (1 Petr. 3:3).

Daarom doen afstand van alle vuiligheid en oorfloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red. En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. (Jak. 1:21, 22).

'n Onderhoud met Paulus

Vraag: Paulus, het die toewyding in die godsdiens u 'n kommerlose lewe geskenk?

Antwoord: Vyf maal het ek veertig hou op een na, van die Jode ontvang. Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diep water deurgebring — dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid. (1 Kor. 11:24-27).

Vraag: Dit is geweldig! Het hierdie dinge u lewenstaak versper en u frustrasies gegee?

Antwoord: En ek wil hê dat julle moet weet, broeders, dat wat my wederveraar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het. (Filippense 1:12).

Vraag: Hoe kan sulke dinge vir 'n mens en vir jou taak bevorderlik wees?

Antwoord: Ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is... in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig. (Filippense 4:11-12).

Vraag: Wat is die geheim van u tevredenheid?

Antwoord: Ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. (Romeine 5:3-5).

Vraag: Laat rampe u nie soms twyfel aan God se liefde nie?

Antwoord: Wie sal ons van die liefde van Christus skei — verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. (Romeine 3: 35, 37).

W. J. de Klerk.